basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## DANSSTUDIES

## 2021

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met NEGE vrae in totaal. Beantwoord slegs AGT vrae soos volg:

   AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (40 punte)
   - Beantwoord VIER van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 3 en VRAAG 4. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID (60 punte)
   - Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 7.3(a) en VRAAG 7.3(b). Beantwoord slegs EEN van die vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat gevra word.

4. Skryf jou antwoord in volsinne indien jy gevra word om te verduidelik/ breedvoerig te skryf/te beskryf/te ontleed/te evalueer/te vergelyk, ens. Eenwoordantwoorde sal NIE aanvaar word NIE.

5. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: DANSBESERINGS (VERPLIGTEND)

1.1 Noem EEN besering wat in die danser se kniegewrig kan voorkom. (1)

1.2 Kies EEN van die letters in R Y K E. Verduidelik hierdie letter en hoekom dit in die onmiddellike behandeling van 'n besering gebruik word. (1)

1.3 Om 'n kniegewrigbesering in die dansklas te voorkom, verduidelik DRIE veilige danspraktyke. (3)

1.4 Beskryf hoe jy fisies en geestelik aktief in die dansklas kan bly terwyl jy van 'n besering herstel. (5)
**[10]**

### VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID (VERPLIGTEND)

2.1 Gee 'n definisie vir ELK van die komponente van fiksheid (2.1.1–2.1.3):

2.1.1. Kernstabiliteit (1)

2.1.2 Neuromuskulêre vaardighede (1)

2.1.3 Spieruithouvermoë (1)


2.2 Gee die neuromuskulêre vaardigheid wat die beste by die definisies hieronder pas:

2.2.1 Die vermoë om vinnig en effektief te beweeg (1)

2.2.2 Die vermoë om op veranderende omstandighede te reageer (1)

2.3 Verduidelik VYF maniere waarop 'n danser sy/haar kardiovaskulêre uithouvermoë/fiksheid kan verbeter. (5)

2.4 Ontleed watter komponente van fiksheid die danser in die foto hieronder gebruik om hierdie posisie te bereik.




[Bron: www.peddecordphoto.com] (5)
**[15]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 3 en VRAAG 4.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 3: SPIERE EN ANATOMIESE AKSIES (KEUSE)**

3.1 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die volgende vrae.




[Bron: www.stack.com]


3.1.1 Identifiseer spier **A**. (1)

3.1.2 Beskryf TWEE maniere waarop spier **A** 'n danser kan help om 'n goeie postuur en liggaamsbelyning in die dansklas te handhaaf. (2)

3.2 Bestudeer die tabel hieronder. Gee 'n voorbeeld van 'n dansbeweging (3.2.1–3.2.3).

| ANATOMIESE AKSIE | BESKRYWING VAN BEWEGING | VOORBEELD VAN 'N DANSBEWEGING |
|---|---|---|
| Fleksie | Verklein die hoek van 'n kniegewrig | 3.2.1 (1) |
| Rotasie | 'n Beweging wat rotasie insluit | 3.2.2 (1) |
| Abduksie | Beweging weg van die middellyn van die liggaam af | 3.2.3 (1) |

3.3 Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die volgende vrae.



[Bron: www.dailynebraskan.com]

3.3.1 Noem TWEE anatomiese aksies wat in die danser se romp plaasvind. (2)

3.3.2 Identifiseer die hoofspiergroep wat vir die anatomiese aksie in die danser se regterkniegewrig verantwoordelik is. (1)

3.3.3 Noem die hoofspiergroep wat vir die anatomiese aksie in die danser se linkerkniegewrig verantwoordelik is. (1)
**[10]**

**OF**

**VRAAG 4: ALGEMENE GESONDHEIDSORG (KEUSE)**

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

4.1.1 Proteïene is noodsaaklik vir die herstel van beseerde spiere. (1)

4.1.2 'n Danser se hoofbron van energie behoort van energiedrankies of energiestafies af te kom. (1)

4.1.3 Dehidrasie het geen uitwerking op 'n danser se konsentrasievermoë in die dansklas nie. (1)

4.2 Verduidelik hoekom dit belangrik is om ontspanningstegnieke aan te leer. (3)

4.3 Ontleed hoe 'n gesonde leefstyl 'n danser se opvoering/uitvoering kan bevoordeel. (4)
**[10]**

**VRAAG 5: DANSOPVOERING/-UITVOERING (VERPLIGTEND)**

Noem jou hoofdansvorm. Verduidelik die korrekte tegniek in jou hoofdansvorm om 'n draai uit te voer. **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

## VRAAG 6: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE (VERPLIGTEND)

6.1 Gee EEN woord vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| simmetrie; duur; asimmetrie; krag; motief; vlakke; gebaar; rigting; tempo |

6.1.1 Hoe lank 'n frase of beweging duur (1)

6.1.2 'n Vorm wat deur 'n danser se liggaam gemaak word wat identies aan die regter- en linkerkant van die liggaam is (1)

6.1.3 Die verskillende hoogtes waarop 'n danser kan beweeg om aandag te trek (1)

6.1.4 Die hoeveelheid energie wat tydens beweging gebruik word (1)

6.1.5 Gebruik 'n alledaagse beweging om 'n idee, betekenis of 'n emosie oor te dra (1)


6.2 Gee DRIE gedetailleerde wenke om in gedagte te hou wanneer dansers tydens kontakimprovisasie saamdans. (3)

6.3 Verduidelik DRIE voordele van improvisasie in dans. (3)

6.4 Na jou mening, verduidelik hoe tegnologie die dansbedryf beïnvloed het. (4)
**[15]**

## VRAAG 7: GESKIEDENIS VAN HOOFDANSVORM (VERPLIGTEND)

7.1 Die stellings hieronder beskryf die vaardighede wat nodig is vir sommige loopbane in die dansbedryf. Gee die naam van die loopbaan wat die beste by ELKE stelling pas.




(1 x 5) (5)

7.2 Kies TWEE dansgenres waarvan EEN Afrika-dans moet wees.

Noem die TWEE dansgenres wat jy gekies het.

Vergelyk die herkenbare eienskappe hieronder. Verduidelik ELKE kenmerk volledig.

7.2.1 Musiek/Begeleiding (2)

7.2.2 Kostuums/Kleredrag (2)

7.2.3 Geslagspesifieke rolle (2)

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 7.3(a) en VRAAG 7.3(b).
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

7.3 (a) Jou plaaslike gimnasium wil dansklasse aanbied.

Skryf 'n kort motivering oor hoe kliënte uit dansklasse by die gimnasium sal voordeel trek. (4)

**OF**

(b) In 'n dansopvoering, verduidelik hoe dans en musiek mekaar komplementeer. (4)
**[15]**

**VRAAG 8: VOORGESKREWE CHOREOGRAAF (VERPLIGTEND)**

Kies EEN van die choreograwe wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys hieronder.

Skryf 'n ARTIKEL vir 'n kunstetydskrif oor die lewensverhaal van die choreograaf wat jy bestudeer het. Sluit die volgende in:

- Die naam van die choreograaf wat jy gekies het
- Skryf in artikelformaat
- Interessante feite oor die choreograaf se lewensverhaal
- Bydrae tot die daansbedryf en/of samelewing **[10]**

| **SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE** | **DANSWERKE** |
|---|---|
| Alfred Hinkel | *Bolero – Last Dance* **OF** *Rain in a Dead Man's Footprint* **OF** *Cargo* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons* **OF** *Beauty Trilogy* **OF** *Skeleton Dry* **OF** *Somehow Delightful* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* **OF** *Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |
| Dada Masilo | *Swan Lake* **OF** *Romeo and Juliet* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Carolyn Holden | *Imagenes* |

| **INTERNASIONALE CHOREOGRAWE** | **DANSWERKE** |
|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Martha Graham | *Lamentations* **OF** *Errand into the Maze* |
| George Balanchine | *Apollo* **OF** *Jewels* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* **OF** *Rooster* |
| Mathew Bourne | *Swan Lake* **OF** *Cinderella* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |
| Mats Ek | *Giselle OF Swan Lake* **OF** *Carmen* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| Jiri Kylián | *Wings of Wax* **OF** *Stamping Ground* |

## VRAAG 9: VOORGESKREWE DANSWERK (VERPLIGTEND)

Kies EEN danswerk wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys op bladsy 10.

Skryf 'n OPSTEL en sluit die volgende in:

- Die naam van die danswerk wat jy gekies het
- Skryf in opstelformaat
- Oorsig oor/Tema van/Inspirasie vir die danswerk
- Musiek/Begeleiding wat gebruik is
- Simboliek/Bedoeling wat in die danswerk gebruik is
- Gee 'n kritiese ontleding van hoe die choreograaf betekenis aan die bewegings in die danswerk gegee het **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou